'N NUWE HUWELIKSFORMULIER OM DIE VROU SE POSISIE TE VERBETER

Julian Müller

Daar het 'n gaping ontstaan tussen die teologie van die huwelik en die werklike huwelikservaring in die praktyk. Rosemary Haughton in haar boek *The Meaning of Marriage* stel dit treffend: " …a theology of marriage shattered by experience." (p 149). Dit is die pynlike waarheid van ons dag. Die mooi uitgewerkte teologiese teorie oor die huwelik en die rolverdeling tussen man en vrou volgens die metafoor van "Christus en sy gemeente", is ver verwyder van die alledaagse werklikheid.

Die teologie oor die huwelik soos wat dit neerslag gevind het in die huweliksformulier is uitsluitlik deur mans geskryf. Toe ek onlangs in 'n onderhoud oor RSG deur Iris Bester gevra is wie die opstellers was van die huweliksformulier en of daar ook vrouens was op die kommissie wat daaraan gewerk het, moes ek met skaamte erken: "Ons was net mans." In 'n boek oor die huwelik wat onlangs verskyn het, het die skrywer 295 boeke oor die onderwerp geraadpleeg en self aangedui dat 225 daarvan deur mans geskryf is en 70 deur vrouens. Ons sit dus met 'n tradisie van huweliksteologie wat geskryf is deur mans en grootliks beïnvloed is deur patriargale man vrou-rolverdelings. Die huweliksformulier is 'n goeie voorbeeld van 'n manlik-gefabriseerde verstaan van die huwelik wat deur gebruik en tradisie kanoniese gesag gekry het.

Intussen beleef mans en vrouens hulle verhouding en rolverdeling in die hedendaagse huwelik heeltemal anders. Die huwelike van vandag word al meer op gelykheid gebaseer. Man en vrou is in alle opsigte gelyke deelnemers; Die vrou het ‘n ewe-betalende en soms meer-betalende beroep as die man; sy laat ook nie meer haar beroep vaar by die geboorte van die eersteling nie; hulle werk albei gewoonlik baie lang ure buitenshuis en die huistake word op 'n spontane manier verdeel. Daar is nie meer so iets dat skottelgoedwas en doeke omruil vrouenswerk is nie. En sulke huwelike wil net nie meer pas op die matriks van die tradisionele ongelyke, patriargale huweliksverhouding nie.

Studies toon dat die moderne vrou se ervaring van die huwelik heel verskillend is van dié van die man. Daar is nie net één

huwelikservaring nie, maar twee: hare en syne. En hare is heelwat slegter as syne! Mans ervaar die huwelik dikwels as iets wat hulle ondersteun in hulle werk. Dit is 'n huishoudelike rugsteun wat hulle verantwoordelikhede by die werk vergemaklik en selfs aangenaam help maak. In teenstelling daarmee ervaar die meeste vroue 'n spanning tussen die eise van 'n buitenshuise beroep en die huishouding. En die probleem is dat dit nie doodgewoon praktiese sakies is wat met bietjie onderhandeling tussen 'n man en vrou opgelos kan word nie. Daar kleef morele kategorieë aan hierdie huishoudelike take wat "pas by die vrou se rol". Die druk op vroue word verhoog omdat huiswerk en kosmaak geassosieer word met ' n vrou se gevoelens vir haar man en haar gevoel van eie waarde in die oë van ouers, familie en vriende.

Die kerk is veronderstel om sensitief te wees vir hierdie sosiale dilemma waarin die hedendaagse vrou haar bevind. In plaas daarvan vind ons in baie kerklike aksies en geskrifte 'n sterk poging om die manlik-gedomineerde samelewing te bly handhaaf en 'n volhardende poging om die Bybel aan te hou interpreteer volgens patriargale kategorieë. Die huweliksformulier wat dateer uit vorige era's en deur mans geskryf is, is waarskynlik een van die eerste dinge wat deur die kerk verander behoort te word in 'n poging om die gaping tussen teologie en werklikheid te oorbrug. Die formulier wat hier volg is 'n poging om in ander taal steeds die heiligheid van die huwelik te handhaaf.

FORMULIER EN PREEK VIR ‘N HUWELIKSLUITING

JULIAN MULLER

(kopiereg voorbehou)

Liewe…,

Ons het vandag as familie en vriende bymekaar gekom om julle in die huwelik te bevestig. As gelowiges is dit vir ons méér as net ‘n formele en wettige huweliksluiting. Dit is ook ‘n viering. Ons verheug ons saam met julle in die blydskap van ‘n ontluikende, intieme verhouding en ons vier dit saam. So bring ons ook aan God die lof en dank vir die lewensvervulling wat ons deur 'n huweliksverhouding ontvang..

Daarom gaan ons nou eers bid en daarna ook saam sing om God te eer.

(Gebed wat soos ‘n votum, kort en duidelik, God se teenwoordigheid erken en afbid.)

Lied van lof en dank (Bv JSB 40)

Deur hierdie openbare en Christelike huweliksdiens bely julle, en ons saam met julle opnuut dat ons glo:

Ons glo in God, die Skepper en Onderhouer van alles.

Die huwelik is ‘n skepping van God waardeur ons lewens op ‘n besondere manier verryk word. Ons is nie net geskep as mense nie, maar as medemense. Deur medemenslikheid en in die wederkerigheid van verhoudinge, word die beeld van God in ons sigbaar. In besonder deur duursame liefdesverhoudinge.

Ons glo dat die huwelik, hoewel nie die enigste nie, tog een van die heel belangrikste verhoudingstrukture is wat God daargestel het. So word ons familielewe en die samelewing georden. Ons word deur hierdie instelling en met die moontlikheid van ouerskap, vennote gemaak van sy voortgesette skepping en onderhouding van die menslike geslag.

N en N, bely julle en glo julle dat God julle Skepper is en dat julle ook mekaar en julle huwelik as ‘n skepping en geskenk ontvang?

(hulle antwoord gesamentlik)

Verder glo ons in Jesus Christus ons Verlosser.

Al is die huwelik ‘n skepping van God, is dit ook ‘n menslike instelling wat aan sondigheid en gebrokenheid onderwerp is. Selfsug en eiebelang, wat gedurig alle verhoudinge bedreig, het ook op ‘n huweliksverhouding wat in soveel opregtheid aangenknoop word, 'n afbrekende invloed.

Daarom het ons ook verlossing, of bevryding, in ons huwelike nodig. Die verlossing wat God aan ons gee in Jesus Christus, maak dit moontlik om ook versoening teenoor mekaar uit te leef. Mense wat elkeen met God versoen is deur Jesus Christus, kan ook in tye van verskille en verwydering, weer met mekaar versoen raak en God se liefde in hulle huwelik vertoon. Dit kom onder andere na vore in die respek wat hulle vir mekaar het en die gelykheid en wederkerigheid van hulle verhouding.

N en N, bely julle dat Jesus Christus julle verlosser is en glo julle dat julle huweliksverhouding bevry word van die oorheersing van die sonde?

(hulle antwoord gesamentlik)

Derdens glo ons ook almal saam met julle in die Heilige Gees.

God is nie alleen die Skepper wat die huwelik daarstel, en die Verlosser wat ons vrymaak om te kan liefhê nie, maar ook die Gees wat binne-in ons en in ons verhoudinge

werk tot seën en vernuwing. Ons word nie net van buite af geroep nie, maar ook van binne af. Deur die Gees word die grense tussen hemel en aarde oorskry en word dit inderdaad moontlik om ook in ons huwelikslewe iets van die hemelsheid van God te ervaar. Ons glo dat die Gees ons in staat stel tot ‘n duursame verhouding van trou en lojaliteit.

N en N, bely julle dat God nie net bo ons, en by ons is nie, maar in ons, en beloof julle om daagliks in julle huwelik te streef na harmonie met God en met mekaar?

(hulle antwoord gesamentlik)

Noudat julle opnuut julle geloof in die Drie-Enige God bely het, is dit nodig dat ons weereens luister na die Woord met die oog op die huwelikslewe.

(Skriflesing en prediking)

Ons gaan nou oor tot die wetlike voltrekking van julle huwelik.(die volgorde van die vrae kan ook omgeruil word sodat eerste vir die vrou en daarna vir die man gevra word.)

Terwyl julle mekaar se regterhand vashou, moet julle asseblief op die volgende vrae in alle opregtheid antwoord:

N, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, N, is nie? Neem jy haar nou, voor al hierdie getuies, as jou wettige vrou?

Antwoord: Ja

N, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, N, is nie? Neem jy hom nou, voor al hierdie getuies, as jou wettige man?

Antwoord: Ja

Ek verklaar julle nou as wettiglik getroud, en

Wanneer julle nou aan mekaar die ringe gee (en mekaar soen), is dit die simbole en tekens van julle huweliksliefde en -trou.

(huwelikspaar gee ringe oor en weer (en soen mekaar, indien verkies))

Die lied wat ons nou saam sing is ‘n gebed. Ons bid om God se seën vir julle huwelik.

(Lied soos Gs 34 of 338)

Die voorganger doen ‘n gebed en as deel daarvan word die seën uitgespreek/word gebid om die seën.